# DIE VESTIGING VAN SWART WOONGEBIEDE IN EN OM JOHANNESBURG 1900-1933

A J Potgieter

Die behoorlike huisvesting van swartes buite mynkampongs in Johannesburg het sedert die ontstaan van die goudmynbedryf netelige en moeilik oorkombare probleme geskep. Die oplossings het boonop gesloer omdat die verantwoordelike instansies traag was om daadwerklik op te tree. Die gevolg was dat die vraagstukke op die lange duur al hoe ingewikkelder geword het.

## 1. Die verantwoordelikheid vir die vestiging van woongebiede

Die blanke woongebiede aan die Rand is hoofsaaklik deur privaatinisiatief tot stand gebring en ontwikkel. Die grond het meesal die eiendom van die maatskappye gebly, wat dit dan verhuur het aan persone wat hulle huise daarop gebou het.[1]

Die bestaande wetgewing het geen duidelike omskrywings oor swartes se reg van toegang tot woongebiede bevat nie. Die Goudwet van 1908 het slegs bepaal dat swartes nie mag delf nie en net as werknemers in die goudbedryf betrokke mag wees. Die vraagstuk was dus nie aktueel tydens die aanvangsjare van die Rand nie.

Namate die swart bevolking in Johannesburg egter toegeneem het, het daar 'n behoefte begin ontstaan om diegene wat hulle op 'n meer permanente grondslag buite die mynkampongs bevind het, van 'n dak oor hulle koppe te voorsien. Die verantwoordelikheid om dit te doen is kragtens regeringsbesluit op 26 November 1887 aan die Johannesburgse Gesondheidskomitee opgedra.[2]

Hierdie plig is ná die regeringsverwisseling aanvanklik nie volgens Proklamasie 16 van 1901 — wat die bevoegdhede van die Johannesburgse stadsraad omskryf het — herbevestig nie.[3] Afdelings 38 en 39 van die Johannesburgse Munisipale Ordonnansie nr 11, wat 'n uitbouing van Proklamasie 16 van 1901 was, het egter gespesifiseer dat die raad by magte was om swart woongebiede binne of buite die munisipale grens tot stand te bring.[4] Die Naturellestadsgebiedewet van 1923 het selfs spesifiek gemeld dat hostelle ook opgerig kon word. Dié wet was op alle plaaslike besture van toepassing.[5]

Hierdie wetgewing het geen melding gemaak van die dorpsontwikkelaars se reg om woongebiede vir swartes uit te lê nie, maar het trouens ook geen struikelblokke in hulle weg gelê nie. Die nuwe bewindhebbers het gevind dat die bestaande wetgewing ten opsigte van woonbuurtstigting baie leemtes bevat het. Dit het geen prosedures neergelê wat deur voornemende woonbuurtstigters nagekom moes word nie. Stadsrade het aanvanklik geen bevoegdhede gehad ten opsigte van woonbuurtontwikkeling nie.

1. U G 34/1912 Report of the Transvaal leasehold townships commission, pp 3, 59, 104-109.
2. A J Potgieter: *Die ontwikkeling van stedelike bestuur in Johannesburg, 1900-1910,* p 231.
3. The Johannesburg Gazette, 15.5.1901: New notices.
4. J M Parks and Estates Committee Reports, 15: Report of the Town Clerk re accommodation for natives, 8.3.1912; J 148 Correspondence files, file no 3/1177/12 Proposed native location at Newlands, Johannesburg: Secretary for Native Affairs — Secretary for Justice, 19.9.1912.
5. Natives (urban areas) act, No 21 of 1923 as amended by act No 25 of 1930, p 7.

Hierin is geleidelik 'n verandering aangebring.

Die Woonbuurtwet van 1907 het die eerste behoorlike raamwerk en regulasies vir die uitleg van woonbuurte daargestel. Hiervolgens is 'n Woonbuurtraad geskep waardeur alle sake rakende die totstandkoming van woongebiede gekanaliseer moes word. Die raad moes alle nuwe woongebiede goedkeur. Hoewel ook die Woonbuurtwet geen spesifieke bepalings bevat het wat dorpsontwikkelaars verhinder het om woongebiede vir swartes tot stand te bring nie, het die wet nietemin 'n groot struikelblok geskep, omdat die raad eers toestemming moes verleen vir uitleg. Dit was die beleid van die raad om geen aansoek vir swart woongebiede te oorweeg nie. Dit was in ooreenstemming met 'n besluit van die Uitvoerende Raad van die Transvaalse Regering wat op 10 Januarie 1906 geneem is.[6]

Hoewel daar dus geen wetgewing was wat die saak duidelik uitgestippel het nie, en die moontlikheid altyd bestaan het dat die raad wel aansoeke om swart woongebiede uit te lê, kon oorweeg en goedkeur, het dit nooit na 1906 in die praktyk gebeur nie, omdat dit deurgaans teen die algemene beleid van die Regering was.

Die Regering se onwilligheid het daaruit gespruit dat die Alexandra Township Ltd in 1905 'n swart woongebied, waaraan hulle die naam Alexandra gegee het, op 'n gedeelte van die plaas Cyferfontein nr 2, sowat 15 km noord van die Johannesburgse poskantoor, langs die Johannesburg-Pretoria-pad en ongeveer drie km buite die Johannesburgse munisipale grens, tot stand gebring het. Die woongebied bestaan vandag nog. Standplase was daar aanvanklik vir blank sowel as nie-blank beskikbaar, maar in 1912 het die maatskappy besluit om slegs standplase aan nie-blankes te verkoop.[7] Die administrasie van die woongebied het probleme geskep omdat dit buite die jurisdiksie van die Johannesburgse stadsraad geval het. Die owerhede was onwillig dat meer sulke probleemgebiede geskep word. Alexandra het dus buite die raamwerk wat die regering beoog het, tot stand gekom.

Die woonbuurt Sophiatown, wat aan H Tobiansky behoort het en in 1903 binne die Johannesburgse munisipale gebied ontstaan het, was nog een van die owerhede se kopsere. Die woongebied het nie as 'n spesifieke blanke of swart woongebied ontstaan nie en omdat geen wetgewing hom dit verbied het nie, het Tobiansky ook standplase aan swartes verkoop.

Die feitelike situasie was dus, om saam te vat, dat dit hoofsaaklik die taak van die plaaslike besture was om swart woongebiede uit te lê en dat die meeste inisiatief om dit te doen, ook van hulle uitgegaan het. Dit het enige ander instansie tot 1906 vry gestaan om dieselfde te doen maar in die praktyk het dit nie op groot skaal gebeur nie. Nadat Alexandra in 1905 op die kaart verskyn het, het die owerhede met maatreëls vorendag gekom wat enige verdere inisiatief in hierdie verband gesmoor het.

## 2. Besitreg en die posisie van diegene met eiendomme

Dit was tot 1907, met die aanname van die woonbuurtwet, moeilik vir enige persoon

6. Debates of the second session of the Legislative Assembly of the Transvaal, 1908, pp 1216-1234; SNA 88 Correspondence files, file no 925, Chairman of Townships Board suggests amendments of township act: Assistant Colonial Secretary — Secretary for Native Affairs, 15.3.1909, copy of Executive Council resolution no 70 of 10th January 1906.
7. BSK 40 Correspondence files, file no 85/1 Alexandra township, Johannesburg, part 1: Director of Native Labour — Secretary for Native Affairs, 19.2.1926 (confidential); file no 85/2 Committee of inquiry to report on administration of Alexandra township: Memorandum by the Alexandra township limited, April 1929.

blank en nie-blank, om volle eiendomsreg op 'n woonperseel te bekom omdat diegene wat die woonbuurte tot stand gebring het liefs die standplase wou verhuur. Dit was 'n gebruik wat voor 1900 ontstaan het maar wat ná 1900 mettertyd 'n verandering begin ondergaan het.[8] Die woonbuurtwet van 1907 en die veranderings wat daarna aangebring is, het die eerste keer bepaal dat 'n koper van 'n standplaas volle eiendomsreg kon verkry, terwyl vroeër net die huurreg meesal verkoop is. Die wet het natuurlik net betrekking gehad op nuwe woonbuurte. Volgens hierdie wet het 'n Woonbuurtraad tot stand gekom wat die uitleg van nuwe woongebiede moes goedkeur. Hierdie raad het die uitleg van woongebiede deur privaatpersone vir uitsluitlike gebruik deur nie-blankes geweier en ook nie toestemming gegee in gevalle waar standplase in nuwe woongebiede moontlik aan swartes verkoop sou word nie. Dit was dus vir swartes ná 1907 nie moontlik om besitreg in enige nuwe woonbuurte aan die Rand te bekom nie. Dit was egter tot 1907 wel vir hulle moontlik om eiendomsreg aan die Rand te bekom, terwyl dié reg ook ten opsigte van Alexandra, Newclare en Sophiatown ná die tydperk gegeld het.

Daar bestaan baie verwarring by skrywers oor hierdie saak. F J de Klerk beweer byvoorbeeld verkeerdelik dat swartes in Transvaal grond van nie-blankes kon koop, maar dat dit tot 1905 nie op 'n individuele basis geregistreer kon word nie.[9] L R Dison en I Mohamed, twee regsgeleerdes, sê weer dat kragtens Volksraadbesluit 159 van 1855 net burgers eiendom in Transvaal kon besit, maar dat hierdie bepaling deur Proklamasie 34 van 1901 herroep is waarna niks enige swarte verhinder het om eiendom te besit nie.[10] Hierdie uitspraak omvat weer nie die volle waarheid nie. Wat wel waar is, is dat aritkel 130 van wet 33 van 1908 — die Goudwet — swartes opnuut verhoed het om eiendomsreg op enige *geproklameerde myngrond* te bekom. Die woongebiede het egter meesal nie op geproklameerde grond tot stand gekom nie, maar daarbuite. Die swart woongebied of lokasies is wel in baie gevalle op myngrond gevestig sodat die wet daarop van toepassing was, maar 'n swart woongebied soos Klipspruit was byvoorbeeld nie op myngrond geleë nie. Dit gaan egter nie nou oor lokasies nie, maar oor eiendomsreg daarbuite.

Die kwessie van eiendomsreg het nie net verwarring onder die geledere van skrywers gesaai nie, maar ook onder die geledere van die owerhede van die tyd, want toe dit in 1905 uit 'n hofuitspraak blyk dat daar geen wet bestaan het wat enige swarte verbied om eiendomsreg in Johannesburg te verkry nie, het die Prokureur-generaal, op 'n vraag in die Wetgewende Raad van Transvaal, geantwoord dat dit 'n vermoede bevestig het wat hy self reeds lank gehad het. Hy het toe verklaar dat daar selfs voor die anneksasie van Transvaal geen wet was wat dit verhoed het nie, maar dat dit die gebruik was om die grond in die naam van die Kommissaris van Naturellesake te registreer.[11]

Die registrateur van aktes het in sy jaarverslag, wat op 30 Junie 1905 geëindig het, geskryf, dat die hofuitspraak te dien effekte ook in dié kantoor verwarring gesaai het, want die gebruik was om te weier om grond op die name van individuele swartes te registreer. Dit is slegs gedoen as dit in die naam van die Kommissaris van Naturelle-

---

8. 'n Vollediger uiteensetting van hierdie kwessie word verstrek in A J Potgieter: *Die ontwikkeling van stedelike bestuur in Johannesburg, 1900-1910*, pp 100-132.
9. F J de Klerk: *Probleme van stedelike Bantoehuisvesting met besondere verwysing na die toestande in plaaslike bestuursgebiede rondom Johannesburg*, p 28.
10. L R Dison en I Mohamed: *Group areas and their development*, p 10.
11. Debates of the fourth session of the Legislative Council of the Transvaal, 1904, pp 63-73.

sake geskied het. Hy moes egter in dieselfde verslag erken dat daar wel voor en na 1900 gevalle voorgekom het waar grond op die name van individuele swartes geregistreer is. Hy het dit daaraan gewyt dat sulke swartes blanke vanne gebruik het om dit te doen, terwyl daar ook blankes was wat grond in trust vir swartes geregistreer het.[12]

Edward Tsewu, 'n swarte wat in Johannesburg woonagtig was, het die miernes tot groot ergenis van die regering oopgekrap. Tsewu was 'n persoon met 'n sterk wil en veggees. Hy het hom nie met suigstokkie in die mond laat huis toe stuur nie. Sy onderhandelinge met die Departement van Naturellesake en die pogings om hom uit Transvaal te verban, getuig hiervan.

Tsewu was een van 'n groep swartes van Johannesburg wat in 1904 die Kommissaris van Naturellesake probleer spreek het in verband met eiendomsreg. Toe hulle nie daarin kon slaag nie het Tsewu, as sekretaris van die Native Vigilance Association, 'n brief gerig, waarin gevra is of daar enige wet bestaan het wat swart Britse onderdane, soos hulle, verbied het om grond in Transvaal te besit; indien wel, word die kommissaris versoek om namens hulle by die Luitenant-goewerneur daarop aan te dring dat die wet herroep moes word. Die brief het ook te kenne gegee dat hulle by die Transvaalse hooggeregshof sou aanklop op beskerming van hulle regte as Britse onderdane.[13]

Hierna het 'n onderhoud tussen die kommissaris en die groep plaasgevind waartydens hy hulle meegedeel het dat grond net in sy naam vir hulle geregistreer kan word. Die aktekantoor het ook opdrag in dier voege gekry. Daar is aan hulle verduidelik dat "you cannot go into the market and buy . . . and when people approached me asking me to take land in trust in one of these townships where Europeans are living I said I won't because it will lead to trouble — trouble for you." Die kommissaris het hulle meegedeel dat: "people who write letters and people who meet in a room and have these gatherings are apt to be misled among themselves and apt to be misled by lawyers: apt to be misled in doing things which they will afterwards regret." Hy het Tsewu en sy makkers afgeraai om die hof te nader, omdat hulle verhoudinge daarmee sou beduiwel. Hy het gesê dat 'n interkoloniale kommissie in suidelike Afrika met 'n ondersoek besig was en dat hulle liefs vir dié rapport moes wag. Hy het nie gemeld wat die ondersoek met die vraagstuk van eiendomsreg te make gehad het nie.[14]

Tsewu het nie die advies ter harte geneem nie en 'n stuk grond in Klipriviersoog in die distrik Krugersdorp vir £240 probeer koop. Toe die registrateur van aktes weier om die transaksie te beklink het Tsewu die saak by die hof aanhangig gemaak. Regters Solomon en Wessels moes uitspraak lewer. Hulle het bevind dat Proklamasie 34 van 1901 alle vorige wetgewing herroep het en dat, soos die wet toe gelees het, swartes dieselfde regte ten opsigte van grond as die blankes in Transvaal gehad het. Hulle het egter bygevoeg: "except of course, that in urban centres his right of ownership can in no way affect his position under the laws regulating segregation of natives."[15] Dit het verwys na die munisipale verordeninge wat 'n swarte verplig het om in geproklameerde woongebiede te bly, maar wat as gevolg van 'n verskeidenheid faktore, wat nog

12. Transvaal administration reports for 1905, part I: The Registrar of Deeds, p DI.
13. SNA 46 Correspondence files, file no 1555/04 Enquiries whether a law exists whereby natives are prohibited from owning land in their own names in the Transvaal: Notes of interview between the Commissioner for Native Affairs and the following natives, Revd E Tsewu, (a.o.), 8.7.1904.
*Ibid.*
*The Star*, 5.4.1905: Natives and land.

bespreek sal word nie ten volle uitgevoer kon word nie. Tsewu kon hierna sy grond aanskaf.

Die uitspraak het tot gevolg gehad dat standplase in Alexandra, Sophiatown en later Newclare, aan swartes verkoop is. Sophiatown is toevallig in daardie stadium deur H Tobiansky as 'n woongebied uitgelê, nadat hy die grond reeds voor 1900 gekoop het en sy pogings om dit as 'n nie-blanke woongebied aan die ZAR te verkoop, nie geslaag het nie. Volgens 'n lys van standplaaseienaars, wat sover vasgestel kan word, in 1910 opgestel is, het 27 swartes, 45 Afrikaners en 40 nie-Afrikaners in Sophiatown standplase besit.[16]

Swartes se standplase het die neiging getoon om in kolle saamgegroepeer te wees, maar heelwat gevalle het ook voorgekom waar blankes langs swartes gewoon het. M Bazapi het byvoorbeeld op standplaas 1466 gewoon waar sy grondwaardasie £15 en die verbeteringe £375 beloop het. Sy buurman op standplaas nr 1467, D J Swanepoel, se grondwaardasie was £18 en die verbeteringe £150.[17]

Newclare is uitgelê as 'n woongebied wat onderdak aan "coloured persons" moes bied. Die bedoeling was dat slegs Kleurlinge hulle daar moes vestig. Die wetgewing het egter nie die bedoeling duidelik omskryf nie en die registrateur van Randdorpe moes tot die gevolgtrekking kom dat swartes nie van die term "coloured" uitgesluit was nie. Die gevolg was dat daar in 1926 meer swartes as Kleurlinge gewoon het. Kleurlinge het eiendomme aan swartes verkoop en omgekeerd.[18]

Nadat die besef tot die Johannesburgse stadsraad deurgedring het dat swartes in Sophiatown woonagtig was, het hulle, veral ná vertoë deur die blanke belastingbetalersvereniging,[19] probeer om die swartes daaruit te verwyder. Daar is egter in die hofsaak tussen Johannes v Rex in 1908 beslis dat, hoewel daar 'n verordening bestaan het wat swartes verplig het om in 'n geproklameerde woongebied te woon, dit onbillik sou wees om dit van diegene te verwag wat wetlik op hulle eiendomme woon. Indien die stadsraad hulle wou dwing om te skuif sou hulle al die eiendomme moes uitkoop. Die raad was nie daartoe gewillig nie.[20]

Die swartes het teen 1933 steeds rustig op hulle eiendomme gewoon. Dit was veral die meer gegoedes en geleerdes wat hulle in Sophiatown gevestig het. Die Naturellestadsgebiedwet van 1923 het niks aan die saak verander nie, want dit het net die Goewerneur-generaal gemagtig om gebiede te proklameer waarin swartes nie sonder spesiale toestemming kon woon nie. Dit het egter net betrekking op diegene wat roerende eiendom in besit gehad het.[21] Dié met onroerende eiendom kon nie sonder meer geskuif word nie, want daar was sprake van onteiening en kompensasie. Daar was teen 1933 geen spesifieke wet wat swartes verhoed het om grond buite geprokla-

---

16. JM Correspondence files, file no A615 Natives residing in Sophiatown and Martindale: lys van name van eienaars van standplase.

Town Council of Johannesburg: Valuation roll of the municipality of Johannesburg, 1922, pp 488-497.

18. NTS Correspondence files, file no 30/326 Newclare location: H G Falwasser — Secretary For Native Affairs, 22.5.1926; Act Director of Native Affairs — Secretary for Native Affairs, 21.5.1926.

19. A J Potgieter: *Die ontwikkeling van stedelike bestuur in Johannesburg, 1900-1910,* p 253.

20. CM Correspondence files, file no 828/08 Sophiatown petition from residents and standholders: Assistant Registrar of Mining Rights — Assistant Secretary Mines Department, 14.5.1908; J M Correspondence files, file no A615 Natives residing in Sophiatown and Martindale: Report of the Town Clerk to General purpose committee, n.d.

L R Dison en I Mohamed: *Group areas and their development,* p 24; UG 22/32 Report of native economic commission, p 75.

meerde myngrond aan die Witwatersrand te koop nie. Die verkopers van standplase in die meeste woongebiede het egter 'n bepaling in die verkoopsdokumente gehad dat slegs swart huisbediendes op die standplase mag woon.

Die swartes wat in geproklameerde woongebiede (lokasies) gewoon het, kon nie eiendomsreg op grond kry nie. Die standplase en die huise daarop is van die Stadsraad, binne wie se regsgebied dit geleë was, gehuur. Dié grond het in baie gevalle nie eers aan die stadsraad behoort nie, maar aan mynmaatskappye van wie die rade oppervlaktereg verkry het. Swartes het in sommige gevalle — Klipspruit is 'n voorbeeld — self hulle huise opgerig en het dit dus besit. Oorweging is in 1906 daaraan geskenk om 'n huurpag van 33 jaar in woongebiede toe te staan, maar niks het van die plan gekom nie.[22] Die huurgrondslag het teen die einde van 1933 steeds gegeld.

## 3. Die ontplooiing van swart woongebiede deur die Johannesburgse stadsraad en die probleme wat daarmee gepaard gegaan het

Nadat goud aan die Rand ontdek is, is die plase wat daarby betrokke was, tot openbare delwery verklaar. Die Goudwet het die gebruik van sulke grond tot mynbouaktiwiteit beperk. Die grond is dus as kleims, bewaarplaatsen, mynpachte, en so meer, geregistreer. Namate dorpsontwikkeling aan die Rand plaasgevind het, het die eienaars van die aanliggende grond, wat nie as delwerye gekwalifiseer het nie, van hulle grond aan 'n verskeidenheid van instansies, maar veral aan die ontwikkelaars, verkoop. Die eienaars van die grond wat geproklameer is, het hulle grond weer, vanweë hulle gebrek aan kapitaal om myne aan te lê, aan mynmaatskappye verkoop.[23]

Die regering het die driehoekige stukkie grond waaruit die middestad van Johannesburg geleidelik gegroei het, besit. Dié grond, Randjeslaagte, het tydens die aanvanklike opmeting van plase, weens die swak landmetingsprosedures van die tyd uitgeval en dus staatsgrond gebly. Die bo-punt daarvan was waar Hillbrow vandag geleë is, terwyl die basis ongeveer langs die huidige Commissionerstraat gestrek het.[24] Die plaaslike owerhede wat op die Rand ontstaan het, het feitlik geen grond besit nie.

As gevolg van die goudontdekking is daar van 1886 af deur 'n ander bril na die grond van die Rand gekyk. Die landelike of boerderyoogpunt was nou nie meer belangrik nie en omdat dit nie duidelik was wat die oppervlakte alles bedek het nie, was grond nie meer so vrylik bekombaar nie. Die Goudwet het ook verhinder dat die Randse dorpe omring is met groot dorpsgronde, soos in die geval met die ander dorpe in Transvaal, wat nie onder die bepalings van die Goudwet ontstaan het nie. Die bestuursinstellings aan die Rand het dus gevind dat hulle oor weinig grond beskik het. Hierdie gebrek het 'n groot invloed op die skepping van swart woongebiede aan die Rand uitgeoefen. Die plaaslike owerhede se soeke na geskikte terreine het die doeltreffende ontplooiing van woongebiede gekortwiek, want die aandag was op die soektog toegespits en nie op die ontwikkeling nie. Die bestuursrade het 'n agterstand begin opbou wat hulle moeilik kon inhaal.

Die gesindheid van die blanke inwoners het sake ook nie juis vir hulle vergemaklik

---

22. SNA 61 Correspondence files, file no 3738/05 Long leases of sites in native locations to natives: Colonial Secretary — Assistant Colonical Secretary div II, 30.1.1906; NAC 3 Native Affairs Committee Reports: Report at meeting 12.11.1930.
23. J J Fourie: *Die geskiedenis van die Afrikaners in Johannesburg, 1886-1900*, p 85.
24. A J Potgieter: *Die ontwikkeling van stedelike bestuur in Johannesburg, 1900-1910*, p 1.

nie, want niemand was bereid om, waar grond wel beskikbaar was, toe.te sien dat swart woongebiede in hulle omgewing uitgelê word nie, omdat dit, volgens hulle, tot 'n verlaging van hulle eiendom se waarde sou lei. Die stadsraad was weer, waar grond beskikbaar was, onwillig om dit teen die aangebode prys te koop. Die soektog is verder bemoeilik omdat die ligging sodanig moes wees dat die swartes nie onoorkombare vervoerprobleme moes ondervind om by hulle werk te kom nie.

Nog 'n faktor wat 'n groot rol gespeel het, was die stadsrade se onvermoë om behoorlike en groot genoeg woongebiede daar te stel. 'n Gebrek aan finansies en 'n onwilligheid om geld uit te gee het hier 'n groot rol gespeel. Die inkomste wat van die swartes self verhaal kon word was nie genoeg nie, terwyl die besture traag was om hulle inkomste uit ander bronne op groot skaal vir dié doel te gebruik. Die uitleg van woongebiede is dus op die goedkoopste moontlike manier aangepak.

Al hierdie faktore het verlammend op die besture se beplanning ingewerk. Dit het langtermyngevolge gehad. Trouens, sommige dele van die Rand kan tot vandag toe nog nie die probleme oorkom nie omdat die woongebiede van die begin af swak beplan is.

*Die ontstaan van Klipspruit buite Johannesburg*

Toe die genomineerde stadsraad in 1901 die leisels by die militêre Regering oorgeneem het, was daar net een woongebied vir swartes in Johannesburg en dit was langs Vrededorp en neffens die woongebied vir Indiërs en die sogenaamde Maleierwoonbuurt geleë. Die woongebied was heeltemal te klein en sommige swartes het ook in die ander twee nie-blanke woongebiede 'n heenkome gevind.

Hoewel die stadsraad besef het dat hulle iets sou moes doen het die saak tot 1904 gesloer, toe faktore van buite die raad tot aksie geskok het. Builepes het in die Indiërwoonbuurt uitgebreek en teen 19 Maart 1904 was daar reeds 17 sterfgevalle. Sterftes het daarna daagliks voorgekom. 'n Kordon is om die woongebied getrek. Die woonbuurt was egter in so 'n swak toestand dat die pes nie bekamp kon word nie. Die stadsraad het intussen reeds die plaas Klipspruit, sowat 19,2 km buite Johannesburg, aangekoop, met die doel om dit in 'n rioolplaas te omskep. 'n Isolasiekamp is inderhaas daar tot stand gebring en die inwoners van die geteisterde gebied soontoe verskuif. Die kamp is op 8 April 1904 geopen met 3 181 siele. Hiervan was 1 412 swartes en die res hoofsaaklik Indiërs. Die woonbuurt vir Asiate is op dieselfde dag deur die Johannesburgse brandweer afgebrand. Die pes is onder beheer gebring.

Die kamp op Klipspruit is ná die uitwissing van die pes gesluit en die inwoners het elders in Johannesburg 'n heenkome gaan soek, asook in die reeds oorvol nie-blanke woongebiede wat oorgebly het.[25] Die gedagte het toe ontstaan om 'n nuwe swart woongebied op die plaas Klipspruit te bou. Die besluit was eintlik 'n logiese een omdat dit die enigste grond was wat die raad in daardie stadium kon oorweeg.

Die sanitasiediens van Johannesburg was in 1903 baie ondoeltreffend. Ten einde 'n meer moderne stelsel te implementeer het die stadsvaders besluit om 'n spoelstelsel in werking te stel. Die plaas Klipspruit is toe in 1903 vir 'n bedrag van £80 000 aangekoop met die doel om die afval met 'n pypleiding na die plaas te vervoer, waar dit verder "bewerk" kon word. Die Stadsraad het dus die besitter van 1 068 ha grond

25. Rand plague committee: Report upon the outbreak of plague on the Witwatersrand, pp 1-3; Annual report of the Commissioner for Native Affairs, pp 47-48; *The Transvaal Leader*, 8.4.1904: Coolie locatiuon burnt to the ground; Johannesburg Town Council Minutes: meeting 20.7.1904.

buite die munisipale gebied van Johannesburg geword. Die plaas is in 1906 by die Johannesburgse regsgebied ingelyf.[26] Hierdie plaas het die embrio geword waaruit die Soweto van vandag gegroei het.

Nadat die raad die voorneme om die woongebied op te rig op 12 Oktober 1904 bekragtig het, is daar dadelik in 1904 met die uitleg daarvan begin. 'n Opname wat die raad onderneem het, het aan die lig gebring dat 197 wonings moontlik weer op Klipspruit heropgerig kon word. Altesaam 669 was egter in so 'n swak toestand dat hulle nie in hulle geheel bruikbaar was nie. In so 'n geval is die waarde van die materiaal uitbetaal, asook 60% van die koste om 'n nuwe huis op te rig. Die raad het die aanbiedinge wat hy gemaak het, dadelik uitbetaal. Waar daar ontevredenheid was, het 'n amptenaar van die Departement van Naturellesake as bemiddelaar opgetree. Aan die einde van Junie 1906 is £12 763 1s 10d reeds as vergoeding uitbetaal. Die raad het die vergoeding nie as 'n reg van die kant van die swartes beskou nie, maar as 'n gebaar van welwillendheid van die stadsraad teenoor die swartes.[27]

Die Johannesburgse swartes het reeds by vorige geleenthede gekla oor die swak toestande waaronder hulle in Johannesburg moes woon en het die nuwe planne met gemengde gevoelens begroet omdat die woongebied so ver buite die middedorp geleë was. Beswaar is aangeteken teen die feit dat hulle ou geboue in die meeste gevalle afgebreek is, terwyl daar ook gevoel is dat die verskuiwing groter uitgawes sou meebring. Die swartes het dit juis moeilik gevind om met die lewenskoste tred te hou.[28] Die meeste het egter die nuus gelate aangehoor en eers lank ná die verskuiwing, toe verskeie probleme begin opduik, van hulle laat hoor. Die trek het oor die algemeen sonder veel teenkanting en in elk geval sonder enige sprake van geweld plaasgevind.

Die woonbuurt was ongeveer 1,6 km van die Nancefield-spoorwegstasie geleë, maar 'n ooreenkoms is met die spoorweë bereik om 'n sylyn van die stasie tot in die woongebied te bou. Hierdie stap was noodsaaklik omdat die inwoners hoofsaaklik op die treindiens staatgemaak het om hulle werkplekke in Johannesburg te bereik.

'n Dam wat in die Klipspruit gebou is, het vir die watervoorsiening gesorg. 'n Losieshuis vir 288 enkellopende mans en een vir 132 getroudes is voorsien. Daar was ook 168 driehoekige hutte wat 588 persone kon huisves en 98 hutte wat tydens die pes opgerig en nog nie weer afgebreek was nie. Voorsiening is gemaak vir 121 woonpersele, 16 handelsterreine, 16 standplase vir kerke en elf eethuise.[29] Die huise was van sinkplate gebou. Die owerhede het die bou van steenhuise sonder sukses onder die swartes gepropageer. Die raad was self nie van voorneme om enige steenhuise te voorsien nie.

Kritiese vrae oor die woonbuurt het van 1908 af begin opduik en het veral daarom gedraai dat die woongebied te ver van die middedorp van Johannesburg was. Werkgewers het ondervind dat hulle swart werknemers nie betyds opdaag nie omdat daar slegs in die oggend om 05h45 'n trein was. Baie swartes het die woongebied vermy en

---


26. JM Correspondence files, file no A308 Purchase of farm Klipspruit: Town Clerk — Lance and Hoyle, 25.11.1903, Assistant Colonical Secretary (urban affairs) — Town Clerk, 8.12.1903; Johannesburg municipal statutes, 1901 to 1906 (Ordinance no 11 private of 1906), pp 449-450.

Report of the superintendent of locations for the twelve months ending 30th June, 1906, p 155; NA 402 Correspondence files, file no 930/09/D102 (sonder titel): Compensation for huts and buildings in location.

28. GOV 755 Correspondence files registered, file no 50/1904 Native location Johannesburg: Afskrif van petisie gedateer 6 Oktober 1905; SNA 32 Correspondence files, file no 1589 Native location petition: Cry of plea, J G Kayiyana a.o. 7.7.1903.

29. Report of the superintendent of locations for the twelve months ending 30th June, 1906, p 155.

## SWART WOONGEBIEDE IN EN OM JOHANNESBURG, 1900-1933




1. Alexandra
2. Sophiatown
3. Die ou swart woonbuurt
4. Newclare
5. Die Oostelike Naturelledorp
6. Die Westelike Naturelledorp

liefs 'n heenkome in die dorp gesoek. Stemme het begin opgaan dat 'n woongebied nader aan Johannesburg opgerig moes word.[30] Die vervoerprobleme kon nie sonder meer opgelos word nie, omdat die stadsraad nie bereid was om die spoorweë nog verder te subsidieer ten einde die treindiens te verbeter nie.[31]

## Pogings om woongebiede in die kern van Johannesburg op te rig, 1908-1929

Die stadsraad het toegegee dat Klipspruit nie hulle probleme opgelos het nie en die een vergadering na die ander het talle verslae oor moontlike oplossings vir die probleem oorweeg. Die gebrek aan grond het alle planne telkens gefnuik. Die gedagte het begin ontstaan om talle kleiner woongebiede op geproklameerde myngrond regdeur die munisipale gebied te probeer bewerkstellig.[32]

Die komitee vir parke en eiendomme van die stadsraad het 'n sub-komitee aangewys om te probeer vasstel waar moontlike terreine vir die vestiging van woongebiede binne die munisipale grens gevind kon word, maar hulle kon nie sukses behaal nie.[33]

Die pers het die stadsraad hewig gekritiseer vir hulle onvermoë om die vraagstuk doeltreffend te hanteer, maar kon, afgesien van 'n uitbeelding van die situasie self, nie met enige verbeeldingryke oplossings kom nie.[34] Die polisie het toenemend probleme ondervind om wet en orde te handhaaf en ook druk op die stadsraad begin uitoefen.[35]

'n Opname wat aan die einde van 1909 gemaak is, het aan die lig gebring dat 86 781 swartes hulle binne die munisipale gebied van Johannesburg bevind het. Hiervan het 2 190 in Klipspruit gewoon, terwyl 6 852 permitte uitgereik is om in die dorp te woon. Die aantal swart bediendes in Johannesburg is op 27 230 geskat. Sommiges het in Klipspruit geholpe geraak, maar die meeste het in Johannesburg en veral in die agterplase van hulle werkgewers gewoon. Die Departement van Naturellesake het gemeld dat 50 509 swartes as mynarbeiders in diens was en dus in mynkampongs gehuisves was.[36]

Die Johannesburgse stadsraad het in 1912 begin dink aan die moontlikheid om weg te doen met die beginsel van die vestiging van woonbuurte vir swartes en om hulle liefs in kampongs, of hostelle soos dit vanaf 1929 genoem is, te huisves. Die gedagte was om dié kampongs regdeur die stad te bou. Afstandsprobleme sou daarmee uitgeskakel en dus minder grond benodig word. Omdat die raad egter nie self oor genoeg grond beskik het nie, moes die mynmaatskappye genader word met die oog op die verkryging van geproklameerde myngrond. 'n Ander voordeel van die kampongstelsel

30. *The Star*, 4.7.1908: The town's natives.
31. *The Transvaal Weekly Illustrated*, 16.1.1909: Klipspruit location.
32. Annual report of the Transvaal Native Affairs Department, p 9.
33. JM Correspondence files, file no A676 Site for establishment of locations: Report of sub-committee appointed by the Parks and Estate Committee to enquire into and report as to the advisability of establishing another location or locations, n.d.
34. *The Transvaal Leader*, 9.5.1912: Housing the native; *The Star*, 14.5.1912: The location scheme; *The Transvaal Leader*, 15.5.1912: The housing of natives; *The Rand Daily Mail*, 25.6.1912: A foolish scheme.
35. *The Star*, 11.1.1912: Natives in town.
36. JM Correspondence files, file no A676 Sites for establishment of locations: opgawe sonder opskrif gedateer 11.9.1909.

sou die moontlikheid wees om die swartes deur omheining van die kampongs beter te beheer.

Die *Salisbury and Jubilee Goldmining Co* het in daardie stadium oor uitgewerkte kleims beskik wat die raad graag vir dié doel wou bekom. Toe dit rugbaar word, het die belastingbetalersvereniging van die omgewing dadelik beswaar aangeteken. Die skoolraad was ook nie geesdriftig nie omdat 'n skool pas naby die myn gebou was.[37] Baie raadslede was ook teen die plan gekant omdat hulle nie enige swart huisvesting naby blankes wou sien nie. Die plan kon dus vanweë al hierdie teenkanting nie deurgevoer word nie.[38] Die stadsraad het nietemin besluit om die grond met die geboue daarop van die mynmaatskappy te huur en dit dan as 'n tydelike kampong te gebruik. Hoewel dit ook 'n gemor uitgelok het, was almal in ieder geval meer tevrede omdat die onderneming oënskynlik net van 'n tydelike aard sou wees.

Die moontlikheid om swartes deur middel van die kampongstelsel van huisvesting te voorsien, het egter doodgeloop weens 'n gebrek aan grond om sulke plekke op te rig. Die raad se aansoeke om die gebruik van grond het op niks uitgeloop nie en teen die einde van 1914 moes raadslede verneem dat aansoeke om die oppervlakteregte van grond al meer as 'n jaar onbeantwoord by die mynkommissaris gelê het.[39]

Die kampongstelsel het nog altyd net voorsiening gemaak vir enkellopende mans. Vroue het hulle egter toenemend na Johannesburg begin wend en van 1912 af het die besef begin deurdring dat in die toekoms ook vir hulle voorsiening gemaak sou moes word.[40]

Toe die gedagte om 'n groot kampong op die terrein van die *Salisbury & Jubilee* mynmaatskappy te bou teen 1915 nog nie werklikheid geword het nie, het die stadsraad besluit om 'n spesiale komitee in die lewe te roep wat verslag moes lewer oor die hele beginsel en metodes ten opsigte van die behuising van swartes. Sommige inwoners van die dorp het deur verenigings druk op die Stadsraad begin uitoefen. 'n Afvaardiging wat kerkliggame, sosiale en maatskaplike verenigings, en ander belanghebbendes verteenwoordig het, het die stadsraad versoek om woonbuurte te skep en nie net te dink aan kampongs en tydelike opslaanplekke om die probleem die hoof te bied nie.[41] Swart vroue en getroude pare het begin toeneem in Johannesburg en die raad se probleme het ingewikkelder geraak. Die behoefte was om enkellopende vroue sowel as al die ander kategorieë te huisves, die vraag was egter: hoe en waar?

Die spesiale komitee het in Junie 1916 aanbeveel dat twee nuwe woongebiede uitgelê moes word, een in die noordelike gebied van Johannesburg en een aan die suidekant. Aanbiedinge van grond is per tender ingewag. Hieruit het twee moontlikhede vir die stadsraad na vore getree — 'n terrein in Highlands North, in die omgewing van die meer welvarende inwoners van Johannesburg, en grond naby Booysens genaamd Southwood, waar ekonomies minder welvarende blankes hulself bevind het.[42] Die stadsraad het amptelik die beginsel aanvaar om twee nuwe woongebiede uit te lê, die spesiale komitee ontbind en die komitee vir parke en eiendomme opdrag

37. *The Star*, 14.5.1912: A location for natives; *The Transvaal Leader*, 14.5.1912: Control of natives.
38. *The Transvaal Leader*, 24.5.1912: Housing of natives.
39. Johannesburg Town Council Minutes: meeting 15.12.1914, p 671.
40. *The Transvaal Leader*, 7.11.1911: Native girls & hostels.
41. *The Rand Daily Mail*, 22.9.1915: Natives want own houses.
42. JM Correspondence files, file no A679 Sites for native locations, 1914-1917: al die korrespondensie handel oor die saak bv Report no 14)17.

gegee, om, met die raad se toestemming, die beginsel uit te voer.[43] Dit was maklik genoeg om die besluit te neem, maar die probleem sou in die uitvoering daarvan lê.

Die terrein in Highlands North het net noord van Norwood gelê en was sowat agt km van die Johannesburgse markplein (waar die Johannesburgse Openbare Biblioteek vandag geleë is). Die Southwood-terrein was vyf km vanaf die markplein aan die suidwestekant van Turffontein-wes. Die owerhede was ten gunste van laasgenoemde terrein. Die een in Highlands North was volgens hulle te na aan digbevolkte dele en die swartes sou deur Houghton Estates, Yeoville, Berea, Hillbrow en Hospital Hill moes beweeg om hulle werkplekke in die stad te bereik. Daar is verwag dat die plan buitendien vanweë stewige teenkanting van die blanke inwoners, skipbreuk sou lei.[44] Namate dit duidelik geword het dat die stadsraad in die rigting van Southwood beweeg het, het die teenkanting van die inwoners van daardie dele begin opbou. Die belastingbetalersvereniging van Rosettenville en omgewing het 4 000 handtekeninge van protes versamel. Hulle het versoek dat die bestaande woongebied te Klipspruit liefs vergroot moes word.[45] Die inwoners het beweer dat die keuse op hulle geval het omdat hulle meer welvarend was. *The Evening Chronicle* het hulle gesteun en verklaar dat hulle eendragtige teenkanting 'n "natural instinct of self-preservation" was en voortgegaan: "there should be no suitable site for a native location near or far, north, south, east or west and for the simple reason that the continued existence of such institutions is a grave menace to the social, moral and economic welfare of the native population of Johannesburg."[46]

Die raad se drome ten opsigte van Southwood is vernietig toe die eienaar van die grond nie bereid was om volle eiendomsreg aan die stadsraad toe te staan nie.[47] Sommige blanke inwoners, veral dié wat aktief aan die verenigingslewe deelgeneem het, het weer begin vra dat iets gedoen moes word, hoewel hulle nie kon voorstel wat die "iets" moes wees nie. Die "Rand service social league" het byvoorbeeld 'n konferensie oor die vraagstuk belê.[48] Hiertydens het een spreker geesdriftig verklaar dat daar vier swart woongebiede in Johannesburg moes wees: een in elke uithoek. "The land acquired should by quantity and quality enable the natives to live a decent family life. (Hear, hear). The townships ought to be well laid out en well lighted and all the money from the native townships, should be spent on native townships (hear, hear)," het *The Star* berig.[49]

Die Johannesburgse stadsraad het op 6 Junie 1918, tien jaar nadat in 1908 tot die gevolgtrekking gekom is dat die Klipspruitwoongebied nie doeltreffend was nie, vir die soveelste keer byeengekom om die vraagstuk te bespreek. Die komitee vir parke en eiendomme het 'n woongebied op die raad se grond te Newlands bepleit. Dié grond is in daardie stadium aan T Case vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf 1915 verhuur, maar hy was gewillig om daarvan afstand te doen teen £350.[50] Ná 'n bespreking van twee uur is

43. *The Rand Daily Mail*, 4.7.1916: Housing of the natives; *The Evening Chronicle*, 8.7.1916: No locations!
44. Johannesburg Town Council Minutes, meeting 8.8.1916, pp 500-502.
45. *The Rand Daily Mail*, 18.7.1916: Town Council and the natives; *The Star*, 18.7.1916: Native location scheme.
46. *The Evening Chronicle*, 8.7.1916: No locations!
47. JM Correspondence files, file no A679 Sites for native locations: Town Clerk — W J & J A Reeders, 25.7.1916; *The Star*, 21.9.1916: Location question.
48. *The Star*, 20.7.1917: Native housing.
49. *The Star*, 25.7.1917: Menace of the slums.
50. *The Rand Daily Mail*, 18.5.1918: Housing of city natives.

die aanbevelings van die komitee aanvaar.[51] *The Rand Daily Mail* het dadelik gevra of dit 'n wyse stap was, want die stadsraad het daarmee 'n beginsel aanvaar, naamlik om swart woongebiebe naby die middedorp te vestig. "Is so radical a change desirable? Would it not increase the illicit liquor-selling evil?" het die koerant bekommerd gevra.[52]

Die ou-ou patroon ten opsigte van woongebiede het dus weer na vore getree. Wanneer niks aan die saak gedoen is nie, was daar 'n groep inwoners wat gevra het waarom "iets" nie gedoen word nie en sodra die raad tot aksie wou oorgaan binne die beperkte moontlikhede wat daar vir hulle bestaan het, was daar weer 'n groep wat gevra het of dit 'n wyse stap was. Die regering was weer van mening dat dit 'n probleem was wat die stadsraad self moes oplos en het weinig hulp aangebied. Dié lamsakkige houding het die stadsraad gegrief en die stadsklerk het dit dan ook in 'n brief aan die Sekretaris van Naturellesake te kenne gegee.[53]

Die stadsraad het by hulle voorneme gebly om 'n woongebied in Newlands te vestig en opgetree kragtens die bevoegdhede wat die ordonnansie van 1906 aan hulle verleen het. Bouwerk het eers aan die begin van 1920 'n aanvang geneem. Sodra 'n huis voltooi was, is dit dadelik vir bewoning beskikbaar gestel. Onder dié huise was daar ook honderd "nissen" hutte wat soortgelyk was aan die hutte wat deur soldate in Frankryk bewoon is.[54] Die inwonertal het in Desember 1919 op 318 gestaan en 'n jaar later op 687.[55] 'n Tremdiens het die inwoners doeltreffend na hulle werkplekke vervoer. Die woonbuurt het met verloop van tyd bekend gestaan as die Westelike Naturelledorp (western native township).[56]

Die Naturellestadsgebiedwet van 1923 het die stadsraad verplig om meer behuising aan swartes beskikbaar te stel, want daarvolgens moes swartes wat in die stad 'n heenkome gevind het, na swart woongebiede verskuif word soos aanstons bespreek sal word. Die gevolg was dat die raad genoodsaak was om die uitleg van woongebiede te bespoedig.

Die uitbouing van die kampongstelsel het intussen weinig vordering getoon. Die raad het steeds gesukkel om grond te bekom en was nie bereid om die terreine wat hulle wel moontlik kon kry, te koop nie, omdat dit na hul mening te duur was. Die Salisbury-Jubilee-kampong is steeds van die mynmaatskappy gehuur, terwyl die raad ook vanaf 1 Oktober 1919 die ontruimde Wemmerkampong van die Departement van Naturellesake gehuur het. Dit was egter maar 'n klein kampong wat in Junie 1920 677 swartes gehuisves het, teenoor die Salisbury-Jubilee-kampong se 9 382.[57]

Die toeloop van swart vroue na Johannesburg het teen 1925 sulke afmetings begin aanneem dat die stadsraad besef het dat hulle tot aksie sou moes oorgaan. Kritiek is veral uitgespreek teen die feit dat die vroue onbeskermd in Johannesburg moes woon en dat dit tot hulle morele agteruitgang gelei het. Prof E H Brookes het tydens 'n

---

51. *The Rand Daily Mail*, 7.6.1918: Housing of city natives.
52. *The Rand Daily Mail*, 21.1.1918: The location problem.
53. JM Correspondence files, file no A680 Sites for native locations: Town Clerk – Secretary for Native Affairs, 26.5.1920.
54. J M Parks and Estates Committee Reports, 25: Annual report of the Superintendent of locations, 30.6.1920, p 52.
55. J M Parks and Estates Committee Reports, 26: Report no 1/21 locations department, 7.1.1921, p 6.
56. J M Parks and Estates Committee Reports, 23: Report 8/1918 of locations department, 26.4.1918, p 4.
57. Minute of the mayor for the period 7th November, 1919, to 5th November, 1920, p 68.

toespraak by die "Helping hand club" daarop gewys dat daar moontlik reeds 10 000 vroue in Johannesburg was en dat een van twee uitweë gevolg moes word om die swart vrou te beskerm. Hulle moes òf heeltemal verbied word om in Johannesburg te kom, òf as hulle dan wel daar toegelaat word, moes hulle behoorlik gehuisves word.[58]

'n Komitee van 25 wat die kerke in Johannesburg verteenwoordig het, het op 30 Januarie 1925 in Norwood vergader om die probleem uit te pluis. Lede van die publiek wat op die ope byeenkoms teenwoordig was, het ingestem met die gedagte van hostelle, maar hulle teenkanting uitgespreek teen enige moontlikheid dat sulke hostelle naby blanke woongebiede opgerig word. Die kerkvaders moes van ene Murphy die volgende vermaning hoor: "we admire your zeal to uplift the native for we realise that the native is a charge on us and that we are the superior race and that we will maintain it ('you bet' and hope so!) . . . Instead of being dragged down to the level of these unfortunate people we will try to lift them up. But we are not going to be dragged down to their level by having hostels near us (Applause) . . . not in white areas (Applause)."[59] Die oplossing van die vraagstuk het as gevolg van al die probleme steeds gesloer.

Die gebrek aan grond het teen daardie tyd die ligging van Johannesburg se swart woongebiede finaal vasgelê, naamlik gebiede in Johannesburg aan die westekant van die middestad en dan die Klipspruit-woongebied aan die suidekant van Roodepoort. Verder was daar kampongs versprei deur die dorp op grond wat nie aan die stadsraad behoort het nie en omdat dit nie as 'n woongebied geklassifiseer is nie, kon die bestaan daarvan natuurlik op kort kennisgewing beëindig word. Daar was ook nog Alexandra aan die noordekant van Johannesburg, maar buite die jurisdiksie van die raad. Die stadsraad was ook hoegenaamd nie van plan om verantwoordelikheid vir die gebied te aanvaar nie en het reeds 'n aanbod om die buurt oor te neem van die hand gewys.[60]

Hierbenewens het 'n kleiner woongebied, wat as die Oostelike Naturellewoonbuurt (Eastern Native Township) bekend gestaan het, van 1924 af naby die Nourse- en Meyer- en Charltonmyne ontstaan en ontwikkel. Die woongebied het in 1925 met 900 inwoners begin. Die getal het in 1930 tot 2 291 en in 1933 tot 4 125 gegroei.

Johannesburg het nog altyd 'n behoefte gehad aan 'n swart woongebied aan die oostekant van die dorp. Die Salisbury & Jubilee-kampong het nie aan die doel beantwoord nie en baie swartes moes dus 'n groot afstand aflê om hulle werkplekke aan die oostekant van die dorp te bereik. Daar het byvoorbeeld 'n groot industriële gebied te Denver aan die oostekant ontstaan, wat heelwat swart werkers gehad het. Die *Wolhuter Gold Mining Company Ltd* het 'n lappie grond van 36,75 acres gehad, wat hulle bereid was om aan die stadsraad te verkoop teen £2 470.[61]

Een van die redes waarom almal gewillig was dat 'n swart woongebied daar tot stand kom, was die feit dat dit omring was deur mynkampongs. Daar was ook geen nabygeleë blanke woongebiede nie. Die mynmaatskappy was weer gewillig om te verkoop omdat die grond vir hulle nutteloos geword het en die stadsraad was op hulle beurt weer van mening dat dit 'n billike prys vir die grond was.

Daar het 'n onbesette stuk grond van 62 acres langs die woonbuurt gelê wat aan die Freehold Proprietary Ltd behoort het en die stadsraad wou dit graag vir moontlike

58. *The Rand Daily Mail,* 2.11.1925: Hostels needed for native girls.
59. *The Star,* 31.1.1925: Hostels for natives.
60. J M Parks and Estates Committee Reports, 27: Report to the Parks and Estates Committee at its meeting on the 22nd May, 1922.
61. JM Correspondence files, file no A668 Eastern native township: Rand mines limited — Town Clerk, 24.11.1922.

toekomstige uitbreiding bekom. Die stadsraad, wat tot in hierdie stadium van hulle geskiedenis, nog nooit bereid was om baie geld aan swart behuising af te staan nie, het ten spyte van die gebrek aan grond, besluit om nie van die kans gebruik te maak nie en slegs 32 acre aan te koop.[62] Hierdie was die eerste stuk grond wat die Johannesburgse stadsraad in sy bestaan aangekoop het met die uitsluitlike doel om 'n swart woongebied te vestig. Die Klipspruit-gebied is aanvanklik vir 'n ander doel aangeskaf, terwyl die Westelike Naturelledorp op grond uitgelê is wat aan die raad behoort het.

Die stadsraad kon maar net nie voorbly met genoeg huisvesting nie en amptenare het gekla dat die wet van 1923 hulle verplig het om behuising te voorsien, maar dat hulle geen bevoegdhede gehad het om die toestroming van swartes na Johannesburg te beheer nie. As gevolg van ekonomiese toestande het meer swartes juis van 1929 af na die stad (Johannesburg het in 1927 'n stad geword) gekom. Wanneer die bestaande woongebiede tot hulle maksimum ontwikkel was, sou daar in 1929 nog steeds vir 45 000 akkommodasie voorsien moes word.[63] Teen die tyd dat die woongebiede voltooi was, sou die kringloop weer van vooraf begin het.

In 1928 is tydens 'n konferensie wat deur verskeie vroueorganisasies belê is om die vraagstuk van behuising ten opsigte van swart vroue te bespreek, beweer dat daar in daardie stadium tussen 14 000 en 15 000 vroue op allerlei ongewenste plekke in Johannesburg gewoon het. Daar is weer eens daarop gewys dat die stad se woonstelle nie voorsiening gemaak het vir die behuising van swart vroue soos in die geval van wonings, waar hulle in bediendekamers in agterplase geholpe kon raak nie.[64] Die stadsraad het as gevolg van die druk wat op hulle uitgeoefen is, onderhandelinge met die regering begin aanknoop ten einde die ou mynopleidingskool naby die Wolhutermyn kosteloos te bekom. 'n Matrone, personeel en ongeveer 100 inwoners kon daar gehuisves word.[65] Die bestuurder van die nuutgestigte departement van naturellesake van die Johannesburgse stadsraad was nie ten gunste van die beginsel van hostelle nie en het beklemtoon dat dié soort huisvesting net op beperkte skaal voorsien sou word.[66]

Alle private hostelle vir swartes moes kragtens artikel 5(2) van die Naturellestadsgebiedwet van 1923 deur die plaaslike owerhede, in wie se regsgebiede dit geleë was, goedgekeur word. Sulke magtiging is tot 1928 nog nie deur die stadsraad van Johannesburg verleen ten opsigte van die hostelle wat in die stad tot stand gekom het nie. 'n Opname is egter in 1928 gemaak en die volgende klein hostelle is amptelik goedgekeur: die "Helping hand native girls hostel," in Fairview, die "St Cyprians mission house for native ministers" op die Salisbury & Jubileee-terrein, die Heilsleër se hostel vir vroue in Martindale en 'n hostel wat deur die Wesleyaanse sendinggenootskap in Doornfontein gebou is.[67] Die inrigtings het hoegenaamd nie in die behoeftes voorsien nie en die Johannesburgse stadsraad sou ook 'n bydrae moes maak.

Die stadsraad was suksesvol in hulle pogings om die mynskool gratis te bekom en

---

62. JM Correspondence files, file no A668 Eastern native township: Extract from minutes of Town Council meeting held 28.9.1926.
63. *The Rand Daily Mail*, 4.12.1929: 45 000 still not provided for; Minute of the mayor for the period 8th November, 1928 to 7th November 1929, pp 88-91.
64. *The Star*, 14.11.1928: Native women in towns.
65. NAC 1 Native Affairs Committee Reports: Report of the Native Affairs Committee at its meeting to be held on 7.12.1928, pp 9-10.
66. JM Correspondence files, file no A878 Hostel for native women and girls: Extract from report of manager of native affairs department to Parks and Estate Commitee meeting, 20.2.1928.
67 JM Correspondence files, file no A878 Hostel for native women and girls: Extract from minutes of Council meeting, 27.3.1928.

het daardeur na raming sowat £10 000 bespaar. Werk om die gebou, wat langs die Oostelike Naturelledorp geleë was, op te knap, het in 1929 begin. Die hostel het egter nie veel aftrek gekry nie, want die inwonertal het in 1930 op net ses te staan gekom. Pogings is aangewend om dit in die pers bekend te stel, maar in 1931 het slegs twee vroue daar 'n heenkome gevind. In 1932 het die syfer op 37 gestaan.[68]

Opsommend kan gesê word dat die gedagte van hostelle vir swart vrouens moeilik ingang gevind het by die stadsraad, maar dat 'n beskeie begin tog gemaak is. Die toekoms van dié soort behuising was egter nog in die weegskaal, want as dit nie was dat volgehoue druk op die raad uitgeoefen is nie, sou die tipe behuising nie tot stand gekom het nie.

## Die kollig verskuif van 1929 af na die Klipspruit-omgewing

Die stadsraad was teen die einde van 1929 steeds op soek na 'n geskikte terrein om 'n vierde groot woonbuurt op uit te lê. Die jaar 1929 het finaal die fokus vir die toekomstige uitbreiding van Johannesburg se swart woongebiede op die Klipspruit-omgewing gevestig. Die weg-van-klipspruit-beleid wat van 1908 af die ontwikkeling oorheers het, is daarmee vir goed beëindig. Dit was die enigste praktiese uitweg vir Johannesburg se dilemma, want die gebrek aan grond wat as gevolg van die bepalings van die Goudwet sedert die ontstaan van die dorp in 1886 bestaan het, het weinig ander moontlikhede gelaat. Die Klipspruit-omgewing het uit oorwegend onbesette grond bestaan en hierop het die digste swart konsentrasie in Suid-Afrika dan ook mettertyd gegroei. Die omgewing was reeds van 1907 af met 'n spoorlyn na Johannesburg voorsien, terwyl 'n groot waterpypleiding van die Randwaterraad ook daaroor geloop het. Daar was ook ruimte vir toekomstige uitbreiding.

Die *Consolidated Main Reef Mines Estate Ltd* was in besit van 3 049,7 acres van die plaas Klipspruit no 8. Op 25 Februarie 1930 het die stadsraad toe besluit om die maatskappy £25 000 aan te bied. Die Minister van Naturellesake het die stap goedgekeur en die maatskappy het die bedrag aanvaar.[69]

Die stadsraad het besluit om die uitleg van die woongebied verbeeldingryk te beplan. 'n Wedstryd is gevolglik uitgeskryf om 'n modelwoongebied uit te lê. Die 25 inskrywings wat ontvang is, moes deur Harold Porter, LRIBA, beoordeel word. Hy het die eerste prys van £500 aan Kallenbach, Kennedy en Furner van Johannesburg toegeken. Die stadsraad het die uitslag bekragtig[70] en daar is dadelik met die uitleg begin.

Op 23 Februarie 1932 is besluit om die woonbuurt Orlando te noem ter ere van raadslid Edwin Orlando Leake, oud-burgemeester van Johannesburg, wat ook die eerste voorsitter van die naturellesake-departement van die stadsraad was.[71] Hy het dan ook op eie onkoste 'n saal — wat die Leakesaal genoem is — vir die gebruik van

68. Minute of mayor for the period 8th November, 1928 to 7th November, 1929, p 89; NAC 4 Native Affairs Committee Reports: Suplementary report by manager to Native Affairs Committee meeting to be held on 8th April, 1931. p 6; NAC 8 Native Affairs Committee Reports: Annual report of the Native Affairs Department, 30.6.1932, p 6.
69. Johannesburg Town Council Minutes: meeting 26.8.1930, p 698.
70. Johannesburg Town Council Minutes: meeting 4.9.1931, p 707.
71. Johannesburg Town Council Minutes: meeting 23.2.1932, p 126.

die jeug van die woongebied laat bou, wat op 17 Desember 1932 deur die Goewerneur-generaal geopen is.[72]

Die oprigting van geboue is per tender uitgegee. *E A Sayle & Co* moes byvoorbeeld 500 huise teen £46 480 bou en *W F Tillett* 1 000 teen £94 692.[73] Dit was netjiese steenhuise met sinkdakke. Die Johannesburgse swart koerant, *The Bantu World,* het die uitleg aangeprys en met groot opskrif aangekondig.[74] Daar is koorsagtig gewerk, want swartes moes as gevolg van die proklamering van sekere dele van Johannesburg tot blanke gebiede, na Orlando verskuif word. Huise is gevolglik teen 'n tempo van tien per dag voltooi. Daar is beoog dat die woonbuurt na voltooiing 80 000 swartes moes huisves.[75] Swartes het dan ook ingetrek sodra 'n huis voltooi is. In Desember 1932 het die inwonertal reeds op 860 gestaan.

Die Johannesburgse stadsraad het gedurende die tydperk 1900 tot 1933 'n opdraande stryd gevoer om die dorp en later die stad se swart inwoners van doeltreffende huisvesting te voorsien en het eers werklik van 1933 af begin om op behoorlike skaal voorsiening te probeer maak. Eers verwikkelinge na 1933 sou bewys of die stappe betyds was en of die raad nie reeds met so 'n agterstand gesit het dat die probleem nie meer behoorlik opgelos kon word nie.

## 6. Alexandra — die enigste swart dorp aan die rand

Soos reeds aangetoon is, het plaaseienaars aanvanklik die gebied bewoon wat vandag as die metropolitaanse gebied van die Witwatersrand bekend is. Dorpe, elk met sy eie munisipale grens, het met verloop van tyd tot stand gekom. Johannesburg se munisipale grens was aanvanklik beperk, maar het teen 1906 sodanig uitgebrei dat dit in daardie stadium, naas Tokio, die grootste munisipale regsgebied in die wêreld was.[76] Die grens het aan die Pretoria-kant teen plaasgrond doodgeloop en dit is hier waar Alexandra-dorp 3 km van die grens as 'n woonbuurt buite die munisipale grens ontstaan het.

Die plaas Cyferfontein nr 2 het aan Gert Pieter Johannes Labuschagne behoort. Die plaas is op 31 Maart 1875 op sy naam geregistreer. Labuschagne het 415 morg van die grond in 1905 aan die *Alexandra Township Limited* verkoop. Landmeter Theo Bell het dit gedurende Augustus 1905 in 338 standplase, een plein en twee parke opgemeet. Dit is deur die Landmeter-generaal bekragtig en onder die naam van die genoemde maatskappy geregistreer kragtens transportakte 1731/1905 en 4680/1905.[77]

Die doel was aanvanklik dat dit 'n woonbuurt vir blankes moes wees, maar omdat dit so ver uit die middedorp van Johannesburg geleë was en oor geen openbare vervoer beskik het nie, het dit nie aftrek gekry nie. Die motor was in daardie stadium nog nie 'n algemene vervoermiddel nie. Hierdie feit het 'n geweldige invloed op die geskiedenis van die woonbuurt gehad en daarvoor gesorg dat Alexandra 'n unieke posisie in Suid-Afrika beklee het. Dit het ook geweldige bestuursprobleme geskep en was inderwaarheid 'n baba wat eintlik nie binne die algemene landsbeleid en klimaat welkom was nie.

72. Minute of the mayor for the period 4th November, 1932 to 2nd November, 1933, p 126.
73. *Ibid.*
74. *The Bantu World,* 9.4.1932; Building a great Bantu city.
75. *The Rand Daily Mail,* 31.10.1933: 1 200 native Orlando.
76. J P R Maud: City government, the Johannesburg experiment, p 6.
77. Aktekantoor: Transportakte nr 1731 van 1905.

Omdat blankes geen standplase gekoop het nie, het die woonbuurteienaars besluit om aan nie-blankes te verkoop. In 1912 is bepaal dat verkope net aan nie-blankes — Asiate uitgesluit — sou geskied en het die woonbuurt dus uitsluitlik 'n nie-blanke woongebied geword. Die Alexandra Township Limited het in 1912 'n serwituut by hulle transportakte gevoeg dat standplase net aan nie-blankes verkoopbaar was.[78] Dit is onbekend of hulle op eie inisiatief tot die stap oorgegaan het en of druk op hulle toegepas is om dit te doen.

Die oorspronklike standplase was 46 m x 17 m, terwyl die wat later uitgemeet is 46 m x 26 m was. Daar was uiteindelik 2 185 standplase. Die verkoopprys het aanvanklik tussen £35 en £40 gewissel, maar teen 1929 het 'n hoekstandplaas £65 tot £140 gehaal en die ander van £65 tot £100. Die verkoopvoorwaardes was baie maklik. 'n Klant kon £2 betaal as hy die verkoopdokumente teken en daarna die balans rentevry teen £1 per maand afbetaal. Nadat die bedrag ten volle betaal was, het die maatskappy die oordragkoste asook ander uitgawes wat daarmee gepaard gegaan het betaal en het die verkoper dan volle eiendomsreg ontvang.[79]

Die woongebied het probleme gelewer toe die Naturellegrondgebiedwet nr 27 van 1913 opgestel is, want volgens die wet kon swartes net grond binne geproklameerde swart gebiede besit. Alexandra is dus uitgesluit van die algemene bepalings van die wet. Swartes kon dus tot 1933 volle eiendomsreg op standplase daar verkry. Die eerste verkope van standplase aan swartes het eers in 1912 plaasgevind en in Januarie 1913 het die Naturellekommissaris gerapporteer dat 167 standplase reeds verkoop was, terwyl 40 huise deur swartes opgerig was.[80]

Die inwonertal het teen 1916 so toegeneem dat die woonbuurteienaar besluit het om die Administrateur van Transvaal te vra om 'n gesondheidskomitee vir die woonbuurt in die lewe te roep. Dit is dan ook gedoen kragtens Proklamasie nr 56 van 1916 en kragtens die plaaslike bestuursordonnansie nr 9 van 1912. Die woonbuurt is daarmee in 'n dorp omskep en is dus inderwaarheid ouer as Brakpan, wat eers in 1919 tot stand gekom het.

Alexandra het verbasend goed gevaar. Die Alexandra Townships Limited het in hulle getuienis voor 'n kommissie van ondersoek na die gebied, verklaar dat die Naturellekommissie 'n gunstige verslag oor die gebied uitgebring het en dat dokters van die American Board Mission verklaar het dat die netheid en gesondheidstoestande in die woonbuurt beter was as in die ander woongebiede. Swartes wat tydens die ondersoek getuig het,[81] het nêrens oor toestande in die woongebied gekla nie en daar was nooit tot 1933, soos in Johannesburg en in Germiston — om maar twee voorbeelde te noem — 'n opstand onder die swartes teen die administrasie of toestande in die dorp nie. Dit wil dus lyk asof die regering se sooibrand ontstaan het omdat 'n swart dorp langs Johannesburg met 'n veelrassige bestuur bestaan het en nie omdat die woonbuurt soseer as 'n agterbuurt ontplooi het nie. Alexandra was in daardie stadium vir die

---

78. K 26 band 34 Correspondence files, file no (geen) Reports from Provincial Secretary: Alexandra Township inquiry report, 27.6.1929, pp 2-3.
79. BSK 40 Correspondence files, file no 85/2 Committee for inquiry to report upon the administration of Alexandra township: Memorandum by Alexandra township limited. April 1929; Evidence secretary Alexandra township limited.
80. K band 34 Correspondence files, file no (geen) Reports from Provincial Secretary: Alexandra township inquiry report, 27.6.1929, pp 3-7.
81. BSK 40 Correspondence files, file no 85/2 Committee for inquiry report upon administration of Alexandra township: Memorandum of Alexandra township limited, April, 1929; minutes of proceedings.

regering dieselfde nagmerrie as wat die veelrassige buurt Sophiatown binne die muni sipale grens van Johannesburg was.

### 7. Die posisie van diegene buite geproklameerde swart woongebiede tot 1923

Dit behoort uit die bespreking tot dusver duidelik te wees dat die swartes op 'n verskeidenheid maniere 'n heenkome in Johannesburg gevind het. Daar was diegene wat in mynkampongs gewoon het, dié wat in geproklameerde woongebiede — wat hostelle insluit — gewoon het, diegene met hulle eie wonings, diegene in die swart dorp Alexandra en dan dié wat met of sonder toestemming in die res van Johannesburg gewoon het. Die soeklig val ten slotte op die posisie van laasgenoemde groep.

Die Johannesburgse Chamber of Commerce was een van die liggame wat heftig protes aangeteken het teen die feit dat swartes om 16h00 die laaste trein na Klipspruit moes haal. 'n Ooreenkoms is toe bereik waarvolgens swartes, wat dit weens werksomstandighede nie kon haal nie, toestemming verkry het om op goedgekeurde plekke te woon. Permitte is slegs uitgereik as die swartes se werkgewer kon sertifiseer dat dit vir hom vanweë werksomstandighede nie moontlik was om betyds terug te keer nie; dat die polisie nie beswaar gemaak het teen sy aanwesigheid in die dorp nie; dat die omliggende blankes dit goed vind dat hy woon waar hy woon en dat die woonomstandighede aan neergelegde vereistes voldoen het. Baie gevalle het egter voorgekom waar swartes sonder magtiging 'n heenkome gevind het.[82]

*The Star* het in 1915 gespekuleer dat minstens 8 000 swartes op uiters ongewenste wyse 'n heenkome in Johannesburg gevind het.[83] Die omstandighede was in baie gevalle haglik. Hulle is deur gewetenlose blanke verhuurders uitgebuit en na willekeur ingeneem of uitgeskop. Die howe se tyd is dikwels in beslag geneem deur sake teen persone wat daarvan aangekla gestaan het dat hulle onwettig kamers aan swartes verhuur het. Swartes moes in 1918 soms tot soveel as £1 tot £2 van hulle gemiddelde salaris van £3 vir sulke kamers opdok.[84]

In 1912 het 'n blanke briefskrywer in die pers gekla oor swartes wat kamers gehuur het in, soos hy dit gestel het, een van die mooiste voorstede, Jeppe. Hy het gesê dat dit nie vir hom aangenaam was om soms op sy stoep te sit en te kyk na die oorlogsdanse van halfgekledes nie.[85] Die *Sunday Post* en *The Transvaal Leader* het in reaksie daarop beweer dat meer as 10 000 onwettig in blanke woongebiede gewoon het.[86] Die grootste sametrekkings was in Ferreirastown, Marshallstown, City and Suburban, Burgersdorp, Vrededorp, Brixton en die Doornfontein-omgewing.

Johannesburg se huisbediendes was van al die groepe, wat huisvesting betref, miskien die beste daaraan toe. Hulle was vrygestel van die verpligting om in 'n swart woonbuurt te woon en dit was ook nie vir hulle werkgewers nodig om spesiale permitte te bekom soos in die geval van diegene wat in Johannesburg deur werkgewers gehuisves is nie. Die huisbediendes was ook nie aan klopjagte onderhewig nie en het nie met die vervoerprobleem van so baie Johannesburgse swartes te kampe gehad nie. Die huis-

82. Report of the medical officer of health, 1st July 1913-30th June 1914, pp 37-39.
83. *The Star*, 27.5.1915: Natives in the slums.
84. *The Star*, 7.9.1918: Native housing.
85. *The Evening Chronicle*, 12.12.1912: The Black Invasion.
86. *The Transvaal Leader*, 20.5.1912: Town overrun by natives; *Sunday Post*, 21.5.1912, 10 000 natives in central Johannesburg.

bediendes het, wat verblyf betref, min probleme opgelewer. Huisbediendes was 'n aanvaarde praktyk en net die mindergegoedes het noodgedwonge sonder hulle klaargekom. Hulle "spesiale" status word verder bewys deur die feit dat hulle, anders as ander swartes, toegelaat is om, wanneer blanke kinders byvoorbeeld in hulle sorg geplaas is, in busse te ry en in parke te kom.[87]

Die Johannesburgse stadsraad was nie by magte om die probleem van swartes buite goedgekeurde woongebiede op te los nie omdat hulle nie 'n doeltreffende woongebied naby die middedorp kon oprig nie. Vertoë is tot die Minister van Naturellesake gerig wat weer die stadsraad gevra het wat hulle omtrent die saak gaan doen, terwyl die stadsraad weer op hulle beurt vol verwagting na die Minister gekyk het.[88]

Die situasie tot 1923, kan dus saamgevat word deur te sê dat die aanwesigheid van swartes in die dorp en al die probleme wat daarmee saamgehang het in aard dieselfde gebly, maar geleidelik in omvang toegeneem het omdat die stadsraad nie daarin kon slaag om aanvaarbare woongebiede naby Johannesburg se middedorp te skep nie. Die raad se gebruik om van tyd tot tyd daarop te wys dat dit 'n oortreding van die raadsverordeninge was om sonder toestemming in Johannesburg te woon, wat met 'n boete van £10 strafbaar was, was nie voldoende om die probleem op te los nie.[89] In 1922 is geskat dat 24 000 swartes reeds op die persele van hulle werkgewers gewoon het, terwyl die hoofmediese gesondheidsbeampte van mening was dat 'n verdere 16 425 op ongewensde plekke gewoon het.[90] Dit was dus duidelik dat die tyd vir aksie aangebreek het.

Daar was nog een woonbuurt in Johannesburg waarin swartes hulle gevestig het en wat nou aandag verdien. Dit was die sogenaamde Maleierlokasie, wat net langs Vrededorp en die swart woonbuurt wat in 1904 afgebrand is, gelê het. Die woonbuurt se naam was ietwat misleidend omdat 'n baie klein persentasie van die inwoners inderdaad Maleiers was. Die woonbuurt is aanvanklik in 1896 as 'n woonplek vir Asiate uitgelê. Die mynkommissaris het egter standplase 1 tot 1295 vir die gebruik van Asiate opsy gesit en 790 tot 1 285 aan arm Burgers toegeken. Standplase 1 tot 320 en 790 tot 1 285 het kort daarna deel van Vrededorp geword. In 1896 is 'n verdere gedeelte van die woongebied afgesny met die doel om 'n kampong daar op te rig en hier is die grootste gedeelte van die stadsraad se swart kontrakarbeiders ná 1900 van huisvesting voorsien. Omdat die spoorlyn na die Wesrand naby die gebied was, was daar 'n gedeelte van die grond wat die spoorweë graag vir verdere uitbreiding wou bekom. Die stadsraad en die spoorweë was gevolglik teen 1933 steeds in 'n voortdurende briefwisseling met mekaar hieroor betrokke. Omdat die moontlikheid bestaan het dat die woongebied tot niet kon gaan, het die raad minimale verbeteringe aangebring.[91]

Swartes het vanaf 1900 in toenemende getalle die Maleierlokasie begin binnesypel. Die samestelling van hierdie woongebied het dus met verloop van tyd 'n ingrypende verandering ondergaan.[92]

---

87. JM Correspondence files, file no A495 Coloured persons on tramcars: Town Clerk — J Billings, 7.4.1905.
88. JM Correspondence files, file no A669 Establishment of native locations: Secretary for Native Affairs — Town Clerk, 7.6.1915.
89. *The Star*, 27.1.1923: Homeless natives.
90. JM Correspondence files, file no A794 Native urban areas bill, 1915-1922; MOH — Town Clerk, 19.1.1922.
91. A J Potgieter: *Die ontwikkeling van stedelike bestuur in Johannesburg, 1900-1910*, pp 272-273, 290.
92. BSK 26 Correspondence files, file no 56/1 Proclamation of Johannesburg under sec 5 Art 21/23: estimated population of natives in unproclaimed areas in the Johannesburg municipal area as at 1st December, 1923.

Die grond waarop die woonbuurt geleë was, is in 1907 deur die regering aan die stadsraad van Johannesburg oorgedra. Die stadsraad het die woonbuurt as ongewens beskou en moontlikhede ondersoek om dit op te ruim. In die praktyk het niks egter hiervan gekom nie.

## 8. Die Naturellestadsgebiedewet van 1923 en die verwikkelinge daarna

Daar was wel 'n breë algemene beleid van segregasie tussen blank en swart in stedelike gebiede in Suid-Afrika voor 1923 in swang. Daar was ook wetgewing wat daarop gemik was om so 'n skeiding te bewerkstellig.[93] Die skeiding is egter dikwels nie in die praktyk verwesentlik nie omdat die wetgewing onvolledig was en argeloos toegepas is. Dit was ook nie duidelik watter mate van skeiding beoog is nie. Moes die groepe met 'n straatwydte, twee kilometer of slegs wat standplase betref van mekaar geskei word?

Daar is reeds op gewys dat blank en swart gedurende die tydperk van die ZAR in Johannesburg net 'n straatwydte van mekaar geskei was, terwyl Johannesburg se hoofmediese gesondheidsbeampte, dr C Porter, pas na sy aankoms uit Engeland in 1903 weer gemeen het dat die swart gebied "some miles away in the country" behoort te wees.[94] Die graad van skeiding is nooit werklik bepaal nie. Dit het tot stand gekom vanuit praktiese oorwegings en die gesindheid van baie blanke inwoners van Johannesburg. Die houding was: woongebiede is noodsaaklik, maar tog net nie in my omgewing nie.

Die behoefte aan skeiding het dikwels ook gespruit uit die vervalle woonomstandighede waarin baie swartes gewoon het. Die vervalle kolle moes opgeruim word omdat dit gevaarlike gesondheidstoestande geskep het. Ekonomiese omstandighede het baie swartes en blankes dus gedwing om saam 'n heenkome in swak gebiede te vind. Watter ander redes kan vir die aanwesigheid van 405 blankes in 1904 in die Maleierwoonbuurt aangevoer word?

Pogings om daadwerklik aandag aan die posisie van die swartes buite geproklameerde woongebiede te skenk, het van 1920 af vinnig begin momentum kry. Die kommissie van ondersoek na plaaslike bestuursaangeleenthede onder voorsitterskap van kol Stallard, het in 1921 'n omvattende verslag beskikbaar gestel wat reeds die belangrikste beginsels van die latere wet in 'n aanhangsel bevat het.[95] Die Naturellestadsgebiedewetsontwerp is in 1923 in die parlement ter tafel gelê. Die gekose komitee wat die wetsontwerp moes ondersoek, was van mening dat maatreëls wat in die Naturelleregistrasie-en-beskermingswet vervat was liefs ook in eersgenoemde wet opgeneem moes word. Die saak het daarom gesloer sodat die wet eers op 1 Januarie 1924 van krag geword het.

Daar word nou gekyk in hoeverre die wet die posisie van die swartes in Johannesburg geraak het. Die opvatting kom soms voor dat die wet omvattende maatreëls ten opsigte van die segregasie van blank en swart in stedelike gebiede daargestel het. Dit is ver van die waarheid. Die wet vir Johannesburg het in wese niks meer bevat as wat

93. R Davenport: "African townsmen? South African natives (urban areas) legislation through the years," *African Affairs*, dl 68, nr 271, April 1969, p 95.
94. SNA 30 Correspondence files, file no 1333 Health Officer Johannesburg: Report by Medical Officer of Health, 19.6.1903.
95. TP 1/1922 Report of the local government commission, p 95.

reeds in beginsel bestaan het nie. Artikel 5(1) het gelui: "Wanneer zulks de Goeverneur-generaal goeddunkt, kan hij bij proklamatie in de Staatskoerant verklaren dat van en na een daarin bepaalde datum alle Naturellen binne de grenzen van een stadsgebied of een bepaalde deel daarvan, behalve die vrijgesteld door sub-artikel (2) van dit artikel, verplicht zijn in een lokatie, naturellen dorp of naturellen tehuis te wonen."[96] Die bestaande Johannesburgse stadsraadsverordeninge het egter reeds gelui dat die raad enige swarte kon verplig om in 'n swart woonbuurt te woon. Die gesag ten opsigte hiervan het nou net oorgegaan in die hande van die regering wat die raad in die toekoms kon dwing om die swartes na 'n afgebakende woongebied te skuif. Dié gesag het voorheen nie bestaan nie.

Die swartes wat uitgesluit is van die bepaling (sub-artikel 2) was "een naturel die op de datum vasgesteld bij zodanige proklamasie de geregistreerde eigenaar van onroerende eigendom in het stadsdeel is, dat voor belastingdoeleinden gewaardeerd is op vijf en zeventig pond of meer en die geregistreerd is als voorgeschreven, solang als hij de geregistreerde eigenaar daarvan blijft en zijn gewoonlike verblijfplaats daar behoudt."[97] Diegene wat grond geërf het, was ook uitgesluit. Hierdie bepaling het meegebring dat niks aan die gemengde woongebiede Sophiatown, Martindale en Newclare gedoen kon word nie. Dit het dus aan die einde van 1933 steeds bestaan.

Huisbediendes is ook van die wetgewing vrygestel sodat die groep se posisie onaangetas gebly het. Diegene wat in 'n "zendinghuis, een privaat tehuis of dergelijke instelling speciaal goedgekeurd door de minister, met instemming van het betrokken stedelike plaaslike bestuur,"[98] gewoon het kon ook soos in die verlede voortgaan. Die minister kon ook met die toestemming van die betrokke plaaslike bestuur toestemming verleen dat swartes op goedgekeurde terreine in die dorpe woon. Dit was maar net 'n voortsetting van die munisipaliteit se gebruik om permitte uit te reik aan diegene wat dit moeilik gevind het om in Klipspruit te woon. Ander kleiner bepalings van die wet het ook niks aan die bestaande toestand verander nie.[99]

Die enigste verskil wat die wet dus meegebring het, was dat die gesag van die plaaslike owerhede in die hande van die regering oorgedra is en dat daarmee teruggekeer is na die situasie wat voor 1900 bestaan het toe die plaaslike owerhede aan die Rand weinig gesag gehad het. Nadat die Britte in 1900 oorgeneem het, het hulle die gesag van die Johannesburgse stadsraad geweldig uitgebou. Johannesburg is selfs met gesag beklee wat nie ten opsigte van ander besture gegeld het nie.[100]

Die bewering word dus gemaak dat die wet nie soseer op segregasie gemik was nie, maar dat dit bloot op duideliker administratiewe reëlings en veral finansiële behoeftes ingestel was. Die wet het byvoorbeeld bepaal dat elke plaaslike owerheid 'n naturelle-inkomsterekening moes skep waarin alle fondse wat van naturelle verkry is, gestort moes word en dat dié geld alleen tot heil van die swartes aangewend kon word.

Die verskuiwing van swartes in Johannesburg na geproklameerde woongebiede kon alleen plaasvind indien die stadsraad vir hulle elders heenkome kon verskaf en dit was net hier waar die raad se doodsteek gelê het. Die gebrek aan grond het die uitvoering van die beginsel gekortwiek. Dit het nietemin darem 'n bietjie lewe in die raad se pogings geblaas en hulle gedwing om meer woongebiede uit te lê.

---

96. Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1923: Wet nr 21 van 1923, p 147.
97. *Ibid., p 149.*
98. *Ibid.*
99. *Ibid., pp 151-155.*
100. A J Potgieter: *Die ontwikkeling van stedelike bestuur in Johannesburg, 1900-1910,* pp 35-52.

Die eerste gebied wat die raad gepoog het om opgeruim te kry, was 'n gedeelte van New Doornfontein. 'n Sensus is aan die begin van Januarie 1925 in die gebied opgeneem en al die ongemagtigde swartes se name is aangeteken terwyl 'n kennisgewing aan hulle oorhandig is dat hulle na 'n maand van ontvangs daarvan 'n heenkome in een van die geproklameerde woongebiede moes vind. Die pasnommers van die swartes asook die name en adresse van die blankes wat 'n heenkome aan hulle gebied het, is aan die Departement van Naturellesake oorhandig, sodat diegene wat nie aan die oproep gehoor gegee het nie, later vervolg kon word.[101] Die reaksie was baie swak, want net ongeveer 10 persent van diegene wat kennisgewings ontvang het, het daarop gereageer. Die polisie is versoek om op te tree.[102]

'n Feit wat so kenmerkend van die hele tydperk was, het na vore getree, naamlik die argelose wyse waarop wetgewing toegepas en uitgevoer is sodat die doelwitte van die Stadsraad daarmee verydel is. Die polisie het 'n klomp oortreders aangekeer, maar die hof het beslis dat bewys gelewer moes word dat die swartes, sowel as die blankes wat hulle geherberg het, wel kennis ontvang het dat die swartes moes trek. Bevredigende bewys kon nie gelewer word nie. Die stadsraad moes tot hulle ontnugtering uitvind dat sommige werkgewers selfs van die swartes ontslaan het en ander in hulle plekke aangestel het wat nie oor sulke kennisgewings beskik het nie. Die stadsraad het weer van voor af begin kennisgewings uitreik.[103]

Nog 'n probleem wat opgeduik het, was die feit dat swartes wat kennisgewings ontvang het om na 'n geproklameerde woongebied uit te wyk hulleself in Sophiatown gaan vestig het. Dit was teen die stadsraad se beleid, want Sophiatown was volgens hulle, heeltemal korrek, nie 'n geproklameerde swart woongebied nie. Pogings van die woonbuurteienaar om dit as sulks verklaar te kry, is van die hand gewys.[104] Die magistrate het egter geweier om swartes te vervolg wat daar op 'n huurgrondslag gaan woon het. Hulle was in ieder geval nie by magte om teen swart eienaars daar op te tree nie.[105] Hierdie voorbeeld het nog 'n groot kenmerk van die tydperk onderstreep, naamlik dat die amptenare wat veronderstel was om die bepalinge van die wet te ken, nie op hoogte daarvan was nie en vir hulleself daarmee baie moeite op die hals gehaal het. Dit word ook goed geïllustreer deur die feit dat die stadsrade nie die bepalings van die Goudwet geken het nie en dan lang onderhandelings op tou gesit het om grond op plekke te bekom waar dit onmoontlik was.

Die hele Johannesburg is kragtens artikel 5 van die Naturellestadsgebiedewet geproklameer as 'n gebied waarin swartes nie mag gewoon het nie. Die besluit is deur middel van regeringskennisgewing 301 van 1924 bekend gemaak en sou op 25 November 1924 van krag word. Daar is egter besluit dat die uitvoering van die beginsel net beperk sou word tot die gebiede waartoe die Direkteur van Naturelle-

---

101. Report of the Medical Officer of Health for the period 1st July 1922 to 30th June 1924, P 55; *The Rand Daily Mail*, 13.2.1925: Natives to leave Doornfontein.
102. GNLB Correspondence files, file no 223/23/110 Natives urban areas act segregation: Medical Officer of Health — Chief Native Commissioner, 12.5.1925.
103. JM Correspondence files, file no A797 Control and administration of natives in municipal areas: Medical Officer of Health — Director of Native Labour, 2.6.1925.
104. GNLB Correspondence files, file no 52/18/72 Correspondence with MOH Johannesburg re segregation of natives in Johannesburg: Medical Officer of Health — Chief Native Commissioner, 10.3.1925.
105. GNLB Correspondence files, file no 52/18/72 SNA enquiers re progress made in connection with segregation of natives in Johannesburg: Acting Medical Officer of Health — Director of Native Labour, 24.11.1925.

arbeid en verteenwoordigers van die stadsraad besluit. Die dele waaroor eerste ooreenkoms bereik is, het uit Doornfontein, Vrededorp, Bertrams, Rooi Yard, Ophirton, New Goch en Spes Bona, Denver, Wolhuter, Burgersdorp en Marshall's Township bestaan omdat die probleme daar die grootste was. Sorg is gedra dat woonplek in die bestaande geproklameerde woongebiede gereserveer word. Teen die einde van 1925 is 4 811 kennisgewings reeds op swartes bedien.[106]

Die stadsraad het egter nog van tyd tot tyd probleme ondervind met die howe wat in sekere situasies nie die raad se aksies wou goedkeur nie, maar dié tegniese probleme het nie onoorkomelike struikelblokke gevorm nie.[107] *Die Burger* was teen die einde van 1926 nie baie beïndruk deur die pogings om die swartes uit Johannesburg te verwyder nie, maar het darem toegegee dat stappe van tyd tot tyd geneem word. Oor die algemeen is egter geoordeel dat die "skoonmaak" van naturelle baie halfhartig uitgevoer is.[108] Die kritiek was geregverdig, want die probleem was dat die stadsraad nie genoeg akkommodasie kon verskaf aan almal wat moes trek nie.

Die stadsraad se sukses om die swartes te verskuif sou afhang van hulle vermoë om die bestaande swart woongebiede te vergroot of om nuwe woongebiede te skep. Dit was gou duidelik dat die bestaande buurte en kampongs nie alle swartes, plus die wat nog die stad van buite af binnegestroom het, sou kon absorbeer nie, en dat die vestiging van 'n groot nuwe woongebied dringend noodsaaklik en onvermydelik was. Die Naturellestadsgebiedewet het dus gehelp om momentum te gee aan die uitbouing van die Klipspruit-omgewing as die toekomstige fokuspunt vir die uitbreiding van die swart woonbuurte van Johannesburg.

Een van die stadsraad se grootste probleme was die feit dat swartes in toenemende getalle na die Rand en Johannesburg begin kom het en dat die raad oor geen bevoegdhede beskik het om voornemende stedelinge uit die stad te weer nie. Dit was dus nie vir die raad moontlik om hulle probleem weg te werk nie omdat die getalle voortdurend aangevul is. Die raad was bekommerd oor die feit dat £500 000 reeds bestee was om die segregasiebeginsel uit te voer sonder dat merkbare vordering gemaak is.[109] Johannesburg se "slum landlords" het daarteenoor £50 000 per maand gemaak uit die verskaffing van behuising aan die swartes en daardie inkomste, het die stadsraad geargumenteer, het die raad toegekom.

G Ballenden, bestuurder van Johannesburg se nuutgestigte departement van naturellesake, het beweer dat daar teen 1927 26 000 swartes in Johannesburg in slumtoestande gewoon het.[110] J Paterson, voorsitter van die komitee vir parke en eiendomme, het daarop gewys dat Johannesburg se swart bevolking teen 'n tempo van 8% per jaar gegroei het en dat dit veral die binnekoms van die vrou was wat die situasie vir die raad byna onhanteerbaar gemaak het.[111] Die koms van die vrou het beteken dat die raad vir gesinne en nie net vir enkellopendes nie, moes voorsiening maak.

---

106. NTS Correspondence files, file no 51/313 Johannesburg municipality, vol II: Director of Native Labour — Secretary for Native Affairs, 26.11.1925.
107. *The Rand Daily Mail,* 13.1.1926: Onus on the white man.
108. *Die Burger,* 29.10.1926: Leegloper-kaffers in Johannesburg.
109. JM Correspondence files, file no A798 Control and administration of natives in municipal urban areas: Acting Town Clerk — Private Secretary to the hon Minister for Native Affairs, 7.10.1927; *The Rand Daily Mail,* 17.10.1927: Slum landlords defeat law.
110. *The Rand Daily Mail,* 17.10.1927: Slum landlords defeat law.
111. *The Star,* 10.10.1927: Housing of natives.

Die pers het gedurende die tydperk 1927 tot 1930 'n somber beeld uitgedra oor die woonomstandighede van die swartes buite die geproklameerde woongebiede.[112] 'n Verslaggewer van *The Rand Daily Mail* het tot die gevolgtrekking gekom dat diegene wat in die agterbuurtes gewoon het verkies het om daar te woon, want hulle was gewoond aan die swak omstandighede en het hulle volkome daarby aangepas. Hy was van mening dat daar by hulle geen behoefte aan beter behuising bestaan het nie.[113]

Die veldtog om die swartes uit Johannesburg te skuif, het teen die middel van 1929 weer begin momentum opbou toe 'n verdere 19 woongebiede in Johannesburg as gebiede geproklameer is waaruit swartes moes trek.[114] Hierdie aksie het saamgeval met die ommeswaai wat daar in die beleid gekom het om die swart woongebiede nie naby die middestad van Johannesburg te vestig nie, maar dit eerder rondom die Klipspruit-omgewing as toekomstige fokuspunt gekonsentreer moes wees.

Dit moet onthou word dat die proklamering van woongebiede en die verwydering van swartes daaruit ook aan die res van die Rand plaasgevind het. Die probleem het net daar nie dieselfde omvang aangeneem nie. Die Randse dorpe het almal in 1926 begin met die verskuiwing van swartes na geproklameerde woongebiede en het meer sukses as Johannesburg met die uitvoering van die taak gehad.[115]

Die Johannesburgse stadsraad het heelwat geleer uit hulle foute van die verlede, want die taak is nie weer op dieselfde sorgelose en traak-my-nie-agtige wyse as voorheen aangepak nie. Daar het nie weer groot regsprobleme opgeduik nie en die proses van verskuiwing van die swartes kon in volle beweging kom. Daar is besluit om nie die hele Johannesburg meteens onder die bepalings van die wet te bring nie, maar om die stad sistematies en van 'n kant af "skoon" te maak.[116] Die wet kon egter nie in werking gestel word ten opsigte van die woongebiede Sophiatown, Martindale en Newclare nie, omdat baie swartes daar eiendomsreg gehad het.

Die stadsraad moes ervaar dat dit 'n taai tameletjie was om aan te kou. Trouens, die suksesvolle "opruiming" van hierdie gebiede was die raad se grootste toets, want as hulle daar nie sukses kon behaal nie kon diegene wat uit geproklameerde gebiede moes padgee eenvoudig in die woongebiede verdwyn. Dit het dan ook tot groot hoogte plaasgevind.

Op 18 Julie 1932 het die raad 'n versoek gerig dat die hele Johannesburg volgens die wet geproklameer moes word. Die raad het egter nadruklik verklaar dat hulle nie diegene wat eiendomsreg daar gehad het in gedagte gehad het nie, maar slegs dié wat nie op 'n permanente grondslag daar gewoon het nie. Die vraag was hoe die proklamasie moes geskied omdat blankes ook kol-kol in Sophiatown gewoon het. Dit het dus beteken dat die proklamasie op 'n lappieskombersagtige wyse toegepas moes word omdat elke stukkie duidelik omskryf moes word. 'n Ander vraag was wat die posisie van diegene was wat grond of kamers van swart eienaars gehuur het. Die feit dat swartes

---

112. *The Sunday Times*, 29.1.1928: Evil & filthy slums: *The Star*, 3.8.1928: Moving out the natives; *The Rand Daily Mail*, 2.7.1929: Menace of slum problem; *The Star*, 21.5.1928: Glimpse of native life in Golden City.

113. *The Rand Daily Mail*, 6.2.1928: Glimpses of slumland in the Golden City.

114. JM Correspondence files, file no A799 Control and administration of natives in urban areas: Memo Ref No NA 2/10, 11.6.1929; *The Rand Daily Mail*, 9.7.1929: Weeding natives from suburbs.

115. GNLB Correspondence files, file no 223/23/110 Natives (urban areas) act: Proclamation of Reef towns under sect 5, s.d.

116. NTS Correspondence files, file no 51/313/E Johannesburg segregation: verskillende briewe bv Acting Town Clerk — Private secretary to the hon Minister for Native Affairs, 1930; NAC 3 Native affairs committee reports: Report to native affairs committee at its special meeting 20.11.1930.

eiendomme daar besit het, het soveel ingewikkelde regsaspekte na vore gebring dat die stadsraad nie die gebiede kon proklameer nie en ten spyte van baie ondersoeke het die woongebiede se posisie tot 1933 onaangetas gebly.[117]

Alexandra het buite die stadsraad van Johannesburg se jurisdiksie geval en het dus ook ongehinderd bly voortbestaan. Die regering het wel na weë gesoek om die, vir hulle, lastige vlieg dood te slaan, maar kon niks in die praktyk vermag nie.

Waar heelwat blankes en veral sakemanne teen 1908 geweldig kapsie gemaak het teen die verskuiwing van die swartes na Klipspruit omdat dit heelwat vervoerprobleme meegebring en swartes van hulle werk beroof het, het dit hierdie keer nie weer gebeur nie. Die verklaring lê moontlik daarin dat die Oostelike en Westelike Naturelledorp naby die middestad van Johannesburg was, sodat diegene met vervoerprobleme daar geholpe kon raak. Die bronne het geen aanduidings bevat van enige verset van die kant van die swartes nie. Daar kan met veiligheid beweer word dat daar nie sprake was van 'n versetbeweging van groot omvang nie, want in die geval sou dit beslis die ore van die pers bereik het.

Die grafiese lyn van die aantal swartes wat hulle buite gesegregeerde woongebiede in Johannesburg bevind het, toon gedurende die tydperk 1900 tot 1933 'n konstante stygende tendens en die raad kon in geen stadium effektief daarin slaag om die getalle te verminder nie en dit ten spyte van die feit dat daar reg van die begin af pogings was om die getalle te beheer. Die getalle het egter nie sulke afmetings aangeneem dat die blanke inwoners daardeur oorweldig gevoel het nie.

---

117. NENA 4 Non-European and native affairs committee minutes, meeting 11.1.1933, meeting 27.2.1933; BSK 26 Correspondence files, file no 56/1 Proclamation of Johannesburg under sec 5, Act 21/23: note of interview with representatives of the Sophiatown, Newclare and Martindale rate-payers associations, 1933; Memorandum to be presented to the Honourable the Minister of Native Affairs, 30.12.1932.